ZEVENDAL residential estate

Julie 2016
Volume 8, Uitgawe 8

Binne hierdie uitgawe

Jaarvergadering 1
Tuine 1
Stormwaterprojek 1
Telkom 1
Reels 1
Sekuriteit 2
Vandalisme 2
Reels 2
Belangrike nommers 2

Geen parkering van voertuie of motorfietse op oop erwe en groenareas word toegelaat nie, insluitend by dam en houtbruggies. Slegs gelisensieerde en padwaardige voertuie mag binne die kompleks gebruik word en geen voertuie mag deur individue bestuur word wat nie 'n geldige lisensie het nie.

Geen hardebal speletjies word op parke toegelaat nie.

Vullisdromme moet Donderdae verwyder en geberg word.

Jaarvergadering

Vir die eerste keer in die afgelope paar jaar het ons met die eerste datum (25/06/2016) 'n kworum behaal. Nie alleen spaar dit geld nie, maar ook tyd en die ongesonde situasie waar ' n paar mense tydens die tweede vergadering belangrike besluite kan neem.

Ons dank gaan uit aan Watchprop en die Trustees wat 'n wesenlike rol gespeel het in die bereiking van 'n kworum. Tydens die vergadering is die volgende Trustees verkies:

Pieter van Wyk-Voorsitter.

Hugo Oberholzer- Parke en Tuine en Onder-voorsitter.

Roeloff Botha-Finansies.

Johan Coetzee-Argitektuur (ARC).

Liezel De Kock- Parke en Tuine.

Hein Groenewald-Argitektuur (ARC)

Gerhard Viviers-Sekuriteit

Ons dank aan diegene wat weer dien en 'n spesiale verwelkoming aan die twee nuwe lede, Johan Coetzee en Liezel De Kock.

Reels

Inwoners word weereens daarop gewys dat oortreders van reels nie kan aanvoer dat hulle nie van die reels geweet het nie. ' n Stel reels is tot die beskikking van elkeen. Indien u twyfel,vra. Eienaars wat wil aanbou of verf moet asb die Landgoedbestuurder vooraf raadpleeg.Indien n huis geverf is,en nie aan die voorskrifte voldoen nie,kan die proses 'n duur projek word.

Telkom

Die installering van optiese vesels deur Telkom is ook voltooi.Alhoewel daar nog 'n aantal herstelwerk verrig moet word kan inwoners reeds van die verbetering gebruik maak. Ons wil alle inwoners net weer daarop wys dat die infrastruktuur wel deur Telkom geinstalleer is,maar dat elkeen gebruik kan maak van die verskaffer van sy keuse.

Stormwaterprojek

Die projek onder beheer van die munisipaliteit is uiteindelik voltooi na baie vertragings en ontwrigting.

Met die voltooiing van die projek kan Zevendal voortaan sonder munisipale goedkeuring die dam vol hou aangesien die dam nie meer as 'n retensiedam beskou word nie. Ongelukkig is ons afhanklik van goeie reen om 'n wesenlike verskil aan die inhoud van die dam te maak.

Tuine

Die droogte/hitte van die afgelope somer het hoe eise aan ons parke en tuine gestel.Veral ons tuin voor by die fontein moes dit ontgeld. Die gedagte is om die "waterwise" tuin wat intussen aangeplant is verder uit te brei.

Alhoewel ons grasperke (parke) tans goed vertoon ervaar ons tydens die somer veral dat die grasperke geel kolle vertoon. Dit is veral aan twee faktore te danke. Eerstens is ons besproeiingstelsel oud en baie laste ondergronds gee van tyd tot tyd mee.Tweedens is ons bron aan ondergrondse water beperk. Om al die parke binne 'n week dmv een boorgat te bespuit veroorsaak dat die besproeiingstyd per park beperk moet word. Verder is dit ook belangrik om die boorgat sodanig te bestuur dat ons boorgat nie uitdroog nie.

Ons ervaar ook ' n al groter probleem met Ficus en doringbome op ons parke en sypaadjies. Weens die bome se aggressiewe wortelstelsel beskadig dit eiendom en strate. In 'n poging om die probleem op te los sonder om alle bome te verwyder sal fondse aangewend moet word om wortels te beheer of nuwe bome aan te plant waar bome verwyder moet word.

Sekuriteit

Soos voorheen reeds gekommunikeer,en ook by die AJV verduidelik,het die Trustees besluit om die skandeerders wat by die hek gebruik word,permanent aan te wend.

Die ou stelsel van inteken was heeltemal ondoeltreffend.Die skrif was meestal onduidelik,die name wat deur besoekers ingevul is was dikwels foutief en die telefoonnommers dikwels onvolledig. Die stelsel het ook nie aan die Popi-wet voldoen nie.

Die nuwe stelsel voldoen aan die wet. Alle inligting word op n program gestoor wat slegs deur die gebruik van n "user-name en password" afgelaai kan word. Sekuriteit het geen toegang tot enige inligting nie. Weens die verbeterde tegnologie gebruik almeer instansies daarvan.

Ongelukkig is daar besoekers wat die lewe vir sekuriteit baie moeilik maak en weier om hulle aan die prosedure te onderwerp.Sodanige besoekers word dan toegang by die hek geweier.

Inwoners word ook versoek om verlore toegangskaarte en afstandbeheerders, aan te meld aangesien dit op die stelsel gekanselleer moet word.

In die laaste paar maande het daar by twee geleenthede artikels by huise weggeraak. In beide gevalle was die huise/eiendom vanaf die straat bereikbaar. Soos telkemale in die verlede, beklemtoon bestuur weer die feit dat sekuriteit tuis begin. 'n Buurman of 'n besoeker aan 'n buurman kan toegang tot u eiendom verkry en 'n misdaad pleeg. Almal wat moontlik kan/wil steel is nie noodwendig buite Zevendal se hekke woonagtig nie.

In aansluiting hierby verwys ons ook weer na die korrespondensie insake diewe wat gedurende die nag van 8-9 Junie toegang tot Zevendal verkry het. Dieselfde nag is daar ook twee pogings aangewend om Zevenzicht te betree. Ongelukkig is dit so dat inwoners van residensiele landgoedere oorgerus word weens die illusie dat niks hulle kan bedreig of besteel nie.Niks is verder van die waarheid nie. Geen heining of elektrifisering gaan 'n persoon verhoed om die perseel te betree nie. 'n Landgoed soos Zevendal is 'n sagte teiken aangesien inwoners deure,vensters en motorhuis deure ongesluit of selfs ooplaat. Kontrakteurs,werkers en besoekers sien en weet dit- 'n voornemende dief moet net die perseel gedurende die nag binnekom om ongestoord sy doel te bereik. Weens die situasie doen ons 'n ernstige beroep op inwoners om paraat te wees. Intussen kan en sal die Trustees na opsies kyk wat misdaad nog verder bemoeilik.

Eienaars moet asb ook vorm 4A (Gereelde besoekers) by sekuriteit/kantoor afhaal waar besoekers wat gereeld besoek afle toegang tot Zevendal wil bekom-sodanige besoekers is dikwels baie ongelukkig omdat hulle elke keer deur die intekenproses moet gaan

Vandalisme

Ongelukkig is daar ook altyd in ons sameleweing diegene wat 'n behae daaruit put om te vernietig en te beskadig.

Van tyd tot tyd word skade aan besproeiing,bome,tuine,potte ,plante en diefstal van gloeilampe aangemeld. Die feit dat die verskynsel veral tydens skoolvakansies voorkom dui daarop dat dit ons eie kinders is wat hulle hieraan skuldig maak.. Ons vra ouers om te alle tye bewus te wees waarmee hulle kinders hulle besig hou.

Belangrike nommers:

JBA Sekuriteit	(021) 801 4862
Wagte kantoor	(021) 906 5034
Noodnommer	**(021) 903 3805**
Zevendal Kantoor	(021) 906 5035
Polisie Sektor 4	0825220624
Zevendal raadgewende argitek	
Tinus	(021) 9821122

Spoed: Inwoners en besoekers word daarop gewys dat die vereiste spoedgrens (30 kpu) binne Zevendal gehandhaaf moet word. Dit is in belang van alle inwoners binne Zevendal.

Honde mag nie toegelaat word om in die landgoed, sonder toesig, rond te dwaal nie. Eienaars van honde moet asseblief seker maak dat, wanneer die honde op 'n uitstappie geneem word, hulle die gemors wat hulle agterlaat, optel.